

DIE FOKUS



Hier is ek! Stuur my!

18/10/2026

~ 1 ~

FOKUS OP DIE DIENS

Erediens in kerkgebou

Prediker: HJ Cronje van Noenieput

Nagmaaldiens by die aftree-oord

Prediker: Prof. Johan Janse van Rensburg

Teks: 1 Korintiërs 13

Tema: God vra onwaardelik liefde

VIR KENNISNAME: Die tyd van kontant in jou sak, raak al hoe minder. Daarom het die Finansiële Werkgroep dit goed gedink om 'n Yoco kaartmasjien in die voorportaal beskikbaar te stel. U is baie welkom om van dit gebruik te maak om veral te help met eredienskollekties. Ons hoop dit maak dit vir jou makliker. Baie dankie!

BELYDENISKLAS:

Die tyd loop nou vinnig uit voor julle belydenisaflegging (1 November). Ons kyk vandag na die vrae waarop julle gaan antwoord met belydenisaflegging en wat die vrae beteken.

SONDAGSKOOL: Die kinders kom na die erediens op die boonste vloer vir Sondagsskool bymekaar. Ons doen 'n vriendelike, tog baie dringende beroep op die ouers om saam met hul kinders die erediens by te woon.

FOKUS OP DIE GEMEENTE

VRYDAGOGGEND BIDUUR

Daar is elke Vrydagoggend van 6:30 – 7:00 'n gebedsgeleentheid in die Gebedskamer. Die tyd is so vroeg in die oggend om mense wat nog moet werk toe gaan, ook die geleentheid te gee om dit by te woon. Daar sal tydens die biduur 'n kort boodskap uit die Bybel wees.

By dié geleentheid is ons nie baie nie, maar ons hou vas aan die woorde van Jakobus 5:16 en 17: *“Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebed dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie”*.

Laat weet gerus die Kerkkantoor as jy behoefte het aan gebed en waarvoor ons vir jou kan bid by die biduur.

KOM KUIER SAAM! Almal word uitgenooi na 'n heerlike Bingo-aand op 23 Oktober om 18:00! Die doel van die aand is nie om wins te maak nie, maar somer net om lekker saam te kuier, te ontspan, saam te lag en mekaar beter te leer ken. In ons besige lewe kry ons nie altyd genoeg geleentheid om net rustig saam te wees en die gemeenskap van ons gemeente te geniet nie.

Die prys van die kaartjies is R120, dieselfde prys as twee jaar gelede en sluit 'n vingerete in. Bring asseblief jou eie drinkgoed. Ons probeer dit bekostigbaar hou sodat soveel moontlik mense saam met ons kan kom kuier.

Kom geniet 'n aand van pret, lag en lekker saamwees!

Ons sien uit daarna om saam met julle 'n besondere en gesellige aand te geniet! Koop kaartjies by die kerkkantoor. Jy kan ook 'n WhatsApp stuur na sel nr. 066 122 3382.

NGK Fichardtpark

BINGO

aand

23 Oktober
18:00
NGK Fichardtpark Kerk

Prys: R120pp

Heerlike vingerete ingesluit

Bring eie drinkgoed

Kontak kerkkantoor by
051 522 5418 of
WhatsApp **066 122 3382**
vir kaartjies.

Kom speel, kuier en steun die kerk!

Verf & Sip

Inspirasie-aand

Kreatiwiteit Verbind

Ontdek jou kreatiwiteit, kry nuwe inspirasie en versterk jou geloof!

12 November
Fichardtpark Gemeente Altonasingel 9
18:00 tot 21:00
R300 per persoon

Dit sluit in:

- Die 16 Vroue van die Bybel (Dagboekie)
- Verkoelings en verversings
- 'n Glasie wyn...

jou Canvas kit

Bespreek nou:

051 522 5418
072 827 4311 (WA)

Kom beleef die kuns... en laat jou hart raak!

VERF & SIP

Hierdie is die uitnodiging vir die afsluiting van die jaar vir die vroue in die gemeente. Daar is ongelukkig net plek vir 20. Om teleurstelling te voorkom betaal jou plek so gou as moontlik

OP SOEK NA WERK: 'n Jongman in die gemeente wat Landbou gestudeer het, is 'n jaar na sy studies steeds werkloos. As daar iemand is wat weet van 'n werk wat hy in aanmerking voor kan kom, kontak asseblief die Kerkkantoor in dié verband. Hy is baie handvaardig en kan onder andere sweis. Hy het 'n bestuurderslisensie.

SENDINGKALENDER: Op 8 November word ons deur Andries Gous van Tsumkwe besoek. Bid asseblief gereeld vir elke uitreik en elke besoeker wat ons ontvang. Sluit gerus aan by hierdie of van die ander werkgroepe in die gemeente.



KERSMARK:

Alle hulp tydens hierdie Kersmark sal baie waardeer word. Kontak die kerkkantoor. Baie dankie.

VROUEBYBELSTUDIE

Daar is Donderdagoggende om 10:00 Bybelstudie by die kerk en Donderdagoggende om 9:00 by die Atree-oord. Ons doen hier ook die studie oor God. Behalwe vir die feit dat dit geestelik verrykend is, is dit ook lekker om al geselsende die onderwerp uit die Bybel te ontrafel.

BYBELSKOOL:

Met Bybelstudie of Bybelskool kan ons baie boeke in die Bybel bestudeer – so ook baie temas. Die belangrikste Persoon wie ons egter moet ken, is God. Ken jy God? Hoe goed ken jy God? Weet jy wat is God se eienskappe? Sluit Woensdagaand 18:00 aan by die Bybelskoolgroep. Ons kyk na die eienskappe van God. Wat verstaan jy byvoorbeeld onder die heiligheid van God of die almag van God?

Dr Steven Lawson sê hieroor: *“Daar is geen hoër onderwerp waaroor enige verstand ooit kan nadink as die onderwerp van die studie van GOD nie. Geen waarheid verruim die mens se gees in so ‘n mate en geen waarheid verruim die mens se hart so baie en geen waarheid is so lewensveranderend soos die studie van GOD nie”.*

Kom leer Hom beter ken uit Sy Woord by die Bybelskool.

Apolo-Tiener: Die tieners en studente kuier Donderdagaand 19:00 - 20:00 by dr. Enrico. Daar sal goeie koffie wees en ook ‘n goeie gesprek. Kom gesels Donderdagaand saam. Kultusse en sektes fokus op tieners en studente. Ons kuiers by Apolo-Tiener is onder andere daarop gemik om ons jongmense weerbaar te maak.

Vakature: Skriba/Kasier – Gemeente Ons is jammer om te moet sê dat Reneé Ferreira ons in kennis gestel het dat sy haar diens op 28 Februarie 2027 beëindig. Ons het die hoogste waardering vir die uitstekende diens wat sy oor ongeveer 13 jaar vir ons gemeente gelever het. Sy het bevestig dat sy en Anton lidmate van ons gemeente sal bly.

Ons sal verkies om iemand wat 'n lidmaat van ons gemeente is in haar plek aan te stel. Hierdie is dus 'n uitnodiging aan lidmate van ons gemeente om aansoek te doen vir die pos. Die volgende is belangrik:

- **DATUM**: Die pos moet verkieslik gevul word vanaf 1 Februarie 2027 sodat die persoon vir een maand saam met Reneé kan werk.
- **VEREISTES**: Rekenaarvaardigheid en 'n finansiële agtergrond.
- **WERKSURE**: Maandag tot Vrydag vanaf 08h00 tot 13h00, asook Sondag vanaf 08h00 tot 11h00.
- **PLIGTE**: 'n Volledige pligtelys is beskikbaar by die Kerkkantoor.
- **AANSOEKE**: Stuur 'n CV per e-pos na ngfpark@xsinet.co.za voor of op 30/10/2026.
- **VERGOEDING**: Onderhandelbaar (ongeveer R14 000.00 per maand).

Spesiale Dankbaarheidsoffer-insameling: 2026

Ons gemeente se jaarlikse Spesiale Dankbaarheidsoffer-insameling vind soos in die verlede, vanaf 1 Oktober tot einde Februarie plaas. Hierdie insameling gee aan ons lidmate die geleentheid om deur middel van hulle geldelike bydrae hulle dankbaarheid te toon vir die baie seën en gawes wat ons onverdiend uit die Here se hand ontvang. Hierdie jaarlikse insameling is noodsaaklik om die werk van die Here in ons gemeente in stand te hou. Ons is werklik dankbaar vir elke lidmaat wat elke jaar so getrou 'n bydrae gee. Kom ons loof en dank die Here vir sy liefdevolle versorging en roep ons u met vrymoedigheid op om so mildelik as moontlik te gee.

Daar is drie opsies wat u kan gebruik vir u bydrae:

1. Spesiale Dankoffer koevert is in die voorportaal op die **houtrak** beskikbaar. U kan die koevert in die kollekesakkie plaas.
2. U kan die kerkkantoor na die erediens besoek en met die kaartmasjien 'n betaling doen.
3. U kan 'n direkte inbetaling op die kerk se rekening doen. Besonderhede is as volg: NG Gemeente Fichardtpark, **ABSA** tjekrekening **0490 580 395** met takkode **632005**. **Verwysing: Spes Dankoffer/Naam.**

Weer eens baie dankie vir u waardevolle bydrae en samewerking in dié verband.

Die bedrag wat vir hierdie jaar begroot is, is R230 000. Die saldo staan tans op **R61 100**.

FOKUS OP VERJAARSDAE

18/10/2026:	Jean Coetzer	Rassie Erasmus,
19/10/2026:	Adri de Necker, Elizca Henning, Stephan Henning, Zetha Kiewiet, Kobus Toerien, Henco Truter, Illiné van Straten	Yolandi Velleman 22/10/2026: Kayden Coetzer, Bertus Nel
20/10/2026:	Dewald Coetzee, Maria Westraad	23/10//2026: Nicolene Joubert, Michelle Smith
21/10/2026:	Jandré Botha,	24/10//2026: Bianco Badenhorst, Zander Strauss, Danielle van Schalkwyk, Cecile van Vuuren

FOKUS OP VOORBIDDING

John Laidlaw sê oor gebed: “Die belangrikste les oor gebed is net dit: Doen dit! Doen dit! Doen dit! Wil jy geleer word om te bid? My antwoord is om te bid en om nooit moeg daarvoor te word nie, en dan sal jy nooit faal nie ...”

- ☐ Daar is ‘n hele paar van ons lidmate wat al vir ‘n geruime tyd baie siek is. Ons dink aan hulle in gebed.
- ☐ Johan Lombaard het die afgelope week ‘n heupvervangingsoperasie ondergaan. Ons bid dat hy spoedig volkome sal herstel.
- ☐ Okert Maritz sukkel voortdurend met sy gesondheid. Hy is die afgelope week oopgeneem in die ISE van die hospitaal. Ons bid vir sy spoedige herstel, asook vir moed en hoop vir Anne-Marie wat hom bestaan.
- ☐ Ons bid ook vir die Matrieks wat met hulle eindeksamen begin het.

³⁸Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, ³⁹nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

Romeine 8:38-29